N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 20

15 Mei 2022

Is Maria-wees in ‘n Marta-lewe moontlik? (1)

Die gejaag van die lewe kan soms verstikkend wees. Ons almal ken die druk van sperdatums,oorvol programme en eise van mense. Ons weet wat ons beroepe, die huwelik, gesinslewe en kinders se oorvol programme van ons verg. Boonop het besigwees ongelukkig amper ‘n soort statussimbool geword. Hierdie eise van die lewe veroorsaak maklik tonnelvisie, waar dit wat wérklik saak maak uit die oog verloor word. “Om by Jesus se voete te sit”, kan in hierdie Marta-wêreld soms na blote wensdenkery of selfs ‘n cliché klink.
“Om by iemand se voete te sit” het in antieke tye verwys na die intieme verhouding tussen ‘n rabbi en die dissipel wat by hom wil leer. Paulus het bv aan die voete van Gamaliël onderrig ontvang. Om by Jesus se voete te sit, beteken om by Hom as Rabbi te leer. Dit impliseer geloof en ondergeskiktheid en sou ook as ‘n vorm van aanbidding beskou kon word.
Dalk is een van die bekendste voorbeelde in die Bybel, die verhaal van Maria wat by Jesus se voete gesit het om na Hom te luister. Lukas leer ons dat dit die heel beste is om soos Maria dït te kies wat ons by God kan kry.
Hoe gaan ons dit regkry om soos Maria in ‘n Marta-wêreld te leef? Wat is dit wat Maria reg doen? Sy kies dit wat werklik saak maak en benut die geleentheid die beste. Terwyl Jesus die mense leer, kies sy om te gaan sit en luister, ondanks die ete wat bedien moet word. Sy doen dit omdat haar oë en hele hart op haar Messias gerig is. Haar diepste begeerte is om Hom, en nie die mense nie, te behaag. Uit Maria se verhaal leer ons dat dit ‘n keuse is om by Jesus se voete te gaan sit. Ons moet kies om die wêreld met sy eise vir ‘n wyle eenkant toe te stoot en doelbewus by God uitkom. Jesus het self die voorbeeld gestel deur in die besigste tye van Sy bediening te onttrek om tyd met Sy Vader deur te bring. Moses is nog ‘n voorbeeld. Hy lei ‘n volk, maar tog onttrek homself om met God te ontmoet.
Om ‘n Maria in ‘n Marta-wêreld te wees, verg ‘n doelbewuste keuse om tyd met God te skep. Dit is in hierdie geheime plekke van stilte waar ons intimiteit gaan beleef, instruksies sal ontvang en waar ons harte in ritme met Syne sal klop. Dit is waar ons Sy stem sal leer ken en onderskei tusasen al die honderde ander stemme. Is ons desperaat genoeg om dit te doen? (vervolg)

Dankie!

- **Vir elke wonderwerk en genesing wat plaasvind in ons gemeente en gemeenskap en in ons land!**
- **Dat waar die Gees van God is, is daar Vryheid!**
- **Dat God Sy Seun, vir sondaars na hierdie wêreld gestuur het en nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie!**
- **Vir God se Grooot Genade in Christus!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir die Ukraine en Rusland situasie… Vra die Heilige Gees om jou te lei. Ook vir die lande wat onder groot druk verkeer in hantering van vlugtelinge…, maar ook beskerming van die vlugtelinge teen uitbuiting.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan & Belinda Kotzé – vir volkome herstel.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir die nabyheid van die Here en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – tuis. Vir spoedige en algehele herstel.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Lettie Koekemoer – vir die nabyheid van die Here.
- Eberhard Carshagen – vir die nabyheid van die Here.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.
- David Huxham se pa – vir genesing

.

Gedagte vir die week:

Nader tot God en Hy sal tot julle nader – Jak 4:8

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org